

Hoërskool Reitz Landbou-akademie smee bande met VS-Agri



VS-Agri, 'n landboubesigheid, wat spesialiseer in verskeie boerdery aktiwiteite en beskik oor die volgende afdelings: Kunsmis (vloeibare-, korrel- en gaskunsmis), kalk, VS-Fuels (diesel), VS-onderdele, VS-chemie en Blueplanet SA. Hulle besoek die Landbou-akademie van Hoërskool Reitz en bied 'n werkswinkel aan oor Presisieboerdery.

Mnr. Tiaan Potgieter was die aanbieder van die dag en verwys na die belangrikheid van

presisieboerdery, as dit kom by grondontledings van 'n boer se gronde en ook die samestelling van kaarte vir jou plaas. Hy verwys ook na kostes wat besnoei kan word met presisieboerdery, deurdat jy slegs gedeeltes van lande wat sekere behoeftes het kan aanspreek en nie soos in die verlede die hele land aanspreek nie. Volhoubare boerdery word dus toegepas. Presisieboerdery word deur die hele boerdery aanbeveel.

Sy aanbieding behels ook die studie van die

mielieplant, soos hoeveel blare bedek die mieliekop en die belangrikheid van bestuiving. Werking van bestuiving op 'n mieliekop, is aan die leerders getoon.

Die Landbouleerders het sy aanbieding ter harte geneem en baie daaruit geleer. Hoërskool Reitz waardeur VS-Agri se betrokkenheid by die skool. Ons sê hiermee dankie vir die borg van hemde vir die leerders en glo dat daar 'n hegte band en samewerking tussen die twee in die toekoms sal wees.



Perdry uithourit

Cornel Rautenbach, 'n graad 11-leerder, het puik presteer tydens perdry-uithouritte. Hy behaal 'n derde plek in die 80km uithourit, sowel as 'n derde plek in die Midvale Endurance ride van 120km.



Kwalifiseer vir Vrystaatspan

Luné Pretorius, 'n graad 10-leerder van Hoërskool Reitz het gekwalifiseer vir die Vrystaatspan, wat aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Uitvoerende Kunste in Rustenburg gaan deelneem, vanaf 30 Maart tot 8 April. Sy het die volgende items gedoen: Dans Solo: "Hip Hop", "Jazz", "Tap", "Musical Character" en "Open". Dans Duet: "Hip Hop", "Tap" en "Musical Character".

Verkies tot Junior Stadsraad




Twee graad 12-leerlinge van Hoërskool Reitz is verkies tot die Thabo Mofutsanyana distrik se Junior Stadsraad. Hulle is vl: Julius Wapenaar (ondervoorsitter) en Leanné van Aswegen (sekretaresse).

Wilgie atlete ryk vir die sterre



Hoërskool Wilgerivier het vanjaar 'n kranige atleet by die S.A. Kampioenskap gehad die afgelope naweek. Sy behaal 'n 8ste plek vir Dogters o/10, 80m, tydens die S.A. Primêre Atletiek Kampioenskap in die Paarl. Anika is ook deel van die Dogters o/10-Vrystaat 4 x 100m Aflosspan wat 'n Silwer medalje tydens die S.A. Kampioenskap verower.

HOËRSKOOIL WILGERIVIER: Louna Jacobs (foto links) en Minke Wilkinson (foto regs) is ingesluit in die ASA Junior S.A. Atletiekspan wat in die Paarl gaan deelneem (5-7 April 2018).



Presteer tydens VS-Atletiek

Adriaan Bonthuys, 'n graad 5-leerder van Hoërskool Reitz, het tydens die Vrystaat Laerskole Atletiekkampioenskappe in Bloemfontein, 'n sesde plek in die Seuns 0/11 70m-hekkies behaal. Sy tyd was 12:08 sekondes.

Nuwe Beheerliggaam by Hoërskool Heilbron



Hoërskool Heilbron stel hul nuwe beheerliggaam bekend. Voor: Stella Farrel (VRL), Carike Rochat (voorsitter en landbouprojek), Marina van Zyl (koshuis), Monette Bornman (ouerkomitee en befondsing), Dorothy Erasmus (finansies en landbouprojek), Surene Strydom (ouerkomitee en befondsing), Sarina Mathee (finansies) en Peter Smith (skoolhoof). Agter: Mart-Mari du Plooy (bemarking), Ters Janse van Rensburg (vervoer, busse en busroetes), Danie Knoetze (geboue en terrein), JJ Joubert (VRL) en Lüttig Roux (sport en kultuur).